Pretoria- Voorbereiding en Belydenisaflegging (Theuns Kruger, Kariena v/d Walt, Ria v/d Linde, Soné Vosloo, Mercia Coertze)
20 Mei 2012
Skriflesing: Rigters 15:1-20
Teks: **Rigters 15: 17-19**
Sing- Ps. 146:1,2; Ps. 138:3; Ps. 66:8,9; Ps. 105:2,5; Ps. 134:4

Simson en die gebeure rondom Simson is in die Here se Woord goed bekend. Broeder en suster, in besonder ook julle wat vanoggend hier voor die Here julle geloof wil bely. Van kleins af het julle al van Simson gehoor. Hoe sterk Simson was. Hoe 'n mens in jou kleintyd jou verwonder het oor sy krag en vermoëns. Sy krag en die grootheid van sy mag staan ongelukkig in skrille kontras met mekaar. Simson staan groot in krag maar in die betoning van sy mag slaan hy 'n patetiese figuur.

Krag en mag is nie altyd dieselfde nie. Iemand in krag is dikwels groot verloorders in die toonbeeld van mag. Die werklike mag wat in die betoning van krag na vore moet kom is om te weet waar my krag en my hulp vandaan kom. Is nie om vir ander te wys hoe sterk ek is nie maar is om in die mag van die Here dit te mag uitroep- *Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee*. Dit is woorde wat moeilik in die lewe van Simson sou inpas.

***

Al was dit 'n geval van ek is tot baie in staat deur my hare wat my krag gee, dan het Simson ongelukkig vergeet Wie en wat agter sy hare kom staan het. Dit het nie maar gegaan om sy hare nie maar sy besondere gawes en vermoëns wat hy van die Here ontvang het moes eintlik in die uitgroei van sy hare teken wees van soos my hare kan uitgroei, so groei ek in wat die Here my gegee het. Ek groei nie net in my hare nie, maar ek groei in die Here. Elke haar op sy kop sou dit getel word, soos ons weet die Here wel doen, dan moes elke haar teken wees van ek is afgesonder en bestem vir wat my roeping en my gawes is.

My roeping is om my volk te verlos, my gawe is ek kan dit doen. Die Here gee my die krag, die Here spel dit uit- roeping en gawe. Soos krag en mag bymekaar moet kan staan, so moet roeping en gawe nie vanmekaar geskei word nie. Wanneer die mens krag en mag skei, dan kom daar iets lelik in die plek. Om jou gawes van jou roeping los te maak, is inderdaad diefstal, so één steel van die Here. Dit is hierdie gedagtes wat ek dan by hierdie voorbereiding en belydenisaflegging met die volgende drie punte voorop wil stel. 1. Die betekenis van dit wat as nietige instrumente in ons lewe na vore mag kom. 2. Wat maak ek met hierdie instrumentele gawes? 3. Waartoe wil God my deur hierdie instrumente (gawes) lei?

Die nietige instrumente:

'n Mens wat sy hare gereeld sny beskou daardie afgesnyde hare nie as iets wat weer opgevra sal word nie. Jy stap van jou afgesnyde hare weg, hulle kan dit maar weggooi, jy wonder nie eers weer oor wat het van my hare geword nie. In Simson het die Here hierdie skynbaar nietigheid, die hare op sy kop 'n teken gemaak. 'n Nasireër mag nie sy hare gesny het nie. Die Here het in Simson se hare wat nie gesny mag word nie, 'n diepere betekenis ingesny. Die Here laat sy mag en krag in wat vir mense nietig mag wees tot tekens wat mens moet aangryp. Tekens wat u en ek op hierdie dag in hulle betekenis voor die Here kom sit en ons verwonder ons oor hoe God dikwels die alledaagse, die gewone dinge, so kragtig en so magtig ons geloofslewe laat inskuif.

Wanneer 'n stukkie brood en 'n slukkie wyn ons lewens by Nagmaal inkom, watter besondere betekenis kom hierin na vore. Die klein dingetjies, 'n stukkie van die brood, 'n slukkie van die wyn is by die Nagmaal vas geteken in die magtige dade van God. Hierin word ons teruggebring tot aan die kant van die kruis op Golgota. Ons staan by Hom aan Wie alle mag in die hemel en op die aarde behoort!

In twee eenvoudige tekens staan geskrywe iets wat in Simson se lewe twee eenvoudige instrumente was. Simson se hare maar ons het vanoggend van nog 'n instrument gelees wat vir Simson nie maar net 'n eenvoudige instrument moes wees nie. 'n Donkie se kakebeen wat nog 'n vars kakebeen sou wees, maar dit bly 'n nietige instrument. Hierdie nietige stuk been soos mense daarna sou kyk is werklik iets wat as jy daarmee klaar is, kan jy dit maar van jou weggooi. Soos met die hare op jou kop, as jy dit afgesny het, kan hulle dit maar weggooi. Ek wil dit nie weer hê nie!

***

In Simson se geval moet ons vanoggend anders hierna kyk. Jongmense wat hulle geloof wil bely moet baie mooi let op wat in Simson se lewe en julle jongmense se lewe altyddeur na gesoek moet word. Moet nie met jou geloof maak soos wat ons as mense met ons hare en Simson met die kakebeen gemaak het nie. Om te dink as jy daarmee klaar is, dan is dit klaar, dan kan ek dit maar van my af weggooi.

***

Julle gaan julle geloof bely maar wat is die geloof werd? Dit is die grootste en belangrikste vraag wat elke kind van die Here moet kan antwoord. Wat is my geloof vir my werd? Is daar iets wat sonder geloof gedoen kan word? Mag ek geloof maar as nietige instrument hanteer wat ek meen ander tye daar meer handige instrumente kan wees as wat mens se geloof vir jou werd is? Hoe moeilik hierdie vrae mag wees dit moet geantwoord word. In alles wat Simson moes doen was dit elke keer 'n kwessie van geloof. Waar pas sy geloof in? Ja, in sy lewe maar ook in sy volk se lewe, waar pas hulle geloof in?

Die tragiese skok wat Simson sou tref is dat sy eie volk hom in hulle ongeloof tegemoet trek. Simson het deur 'n vrou wat hy wou trou in botsing met die Filistyne gekom. Ons het die geskiedenis gelees. Blatant is daar teen Simson deur hierdie vrou se pa nie woord gehou nie. Simson word baie kwaad waar hy weereens instrumenteel werk. 'n Klomp jakkalse met hulle sterte aanmekaargeknoop word aan hulle sterte vuur aangesteek en brandende hardloop hulle die Filistyne se graanlande in. Groot skade en groot woede gebeur nou hand aan hand. Nou het die Filistyne teen Juda, Simson se volk oorlog verklaar. Simson het intussen in die rotskloof van Etam gaan bly. Daar gebeur dit nou alles.

Simson se eie mense, sy volk wil nie in geloof werk en in geloof die Filistyne aanval soos wat hulle kon doen deur te glo die Here het hulle in hulle hande gegee nie. Nee, hulle onderhandel met die vyand wat blatant ook God se vyand is. Die volk Juda gaan sover deur Simson die sondebok te maak. Die volk het pateties inmekaargesak. Juda van wie Jakob nog gesê het, *Juda is 'n jong leeu, van die roof af het jy opgeklim, my seun… jou nek sal op jou vyand wees…* Hierdie selfde Juda is nou soos 'n hondjie wat stert tussen sy bene hardloop om so gou moontlik net vir Simson aan die Filistyne oorgelewer te kry dat hulle darem net nie langer voorwerp van woede vir die Filistyne moet wees nie. Is dit nie bekend nie? Geliefdes, is dit nie presies hoe daar teen Jesus Christus opgetree was, Hy wat deel van hierdie volk was, hoe het sy eie volk Hom nie oorgegee nie. Oorgegee soos hier nou met Simson gemaak word?

Geen geloof, geen moed het in Juda oorgebly nie, 'n patetiese spul! Dit is jy, dit word jy as jy jou geloof verloor of jou geloof verloën, jy word pateties! 'n Les wat nou teen Simson draai, maar 'n les wat Simson self ook nie wou leer nie. As hy tog maar hieruit die diepere les wil leer, so min soos my volk hulle geloof mag verloor, so min mag ek dit verloor.

Sonder geloof sal my lewe pateties raak. Die geloof is geen nietige instrument nie. Dit is die kragtigste instrument wat daar seker ooit van God kan kom. Werk reg daarmee en God sal met jou reg werk.

Die vraag wat ons dan in die tweede plek by aanknoop is-

Wat maak ek met hierdie instrumentele gawes:

Simson het reeds die jakkalse laat hardloop, maar nou kom dit alles op hom af. Hy word deur sy eie mense aan die Filistyne oorgelewer. Deur sy eie volk met vars nuwe toue vasgebind, verraai, hulle wil net graag van Hom ontslae raak…Wat nou?! Die Heilige Gees kan nie gebind word nie. Soos wat die Woord van God ook nie gebind kan word nie. Dit het Paulus vir Timotheus nog weer bevestig- 2 Tim 2:9- *maar die woord van God is nie gebonde nie…*

Deur die Gees van die Here wat in Simson vaardig geword het, gebeur dit alles. Die Gees wat die geloof gee is die Gees wat die geloof laat werk. Daardie vars nuwe toue kry Simson van hom afgebreek asof dit garing draadjies is wat in die vuur brand. En dan gryp hy daardie donkie kakebeen. Alleen sal hy nou teen hierdie vyand van sy volk optree. Hy sal optree in die geloof.

***

En dit is wat ons moet raaksien. Wie in die geloof optree is nie alleen nie. Ons lees hoe Simson duisend man met hierdie een kakebeen verslaan. Dit is wat gebeur as die geloof werk. Dan is dit nie jy wat werk nie, maar dit is die Here wat werk. Al wat ek met hierdie instrumentele gawes moet maak wat God my skenk is dat ek daaraan diensbaar moet wees. Nie ek en my geloof nie, maar my geloof en ek word die groot geheim. ’n Lewensgeheim. Die geloof is ’n gawe van God, dit bly ’n gawe van God aan jou. Daarom mag jy sê, my geloof, ek gaan my geloof bely, in hierdie geloof wil ek lewe, met hierdie geloof wil ek Nagmaal vier. My geloof en ek – nie ek en my geloof nie!

Dit is wat ek met hierdie instrument, instrumentele gawes mag doen. Nie maar net nou en dan, net maar eenmaal en nou is ek klaar nie. Geloof is nie maar hare of dooie donkie bene wat ek maar van my kan weggooi nie. Nee, hierdie groot fout, seker die grootste fout wat ’n mens kan maak is die fout wat Simson gemaak het. As hy met die kakebeen die manne daar afgeslaan en doodgeslaan rondom hom sien lê, dan is hy die man! Nie my geloof en dan ek nie, maar dit is duidelik EK- ek en my geloof.

Selfvoldaan roep hy dit uit - *Met 'n eselskakebeen het ek een klomp, twee klompe, met 'n eselskakebeen het ek duisend man verslaan.* [17] *En toe hy klaar gespreek het, gooi hy die kakebeen uit sy hand en noem dié plek Kakebeenshoogte.*

***

U kan hoor wat word nou van die man wat in die geloof klein moes word. Hy word nie klein nie, hy word wat ons nie moet wees nie. Die instrument wat dit alles moontlik gemaak het, word gegooi dat dit doer trek, want nou is dit ek wat die man is. Juis die kakebeen wat getuie moes wees, die nietige instrument wat hom moes laat besef kyk wat het die Here deur hierdie instrument gedoen, hy gooi dit van hom weg. In oormoed praat hy, hy wil dit laat weerklink- *Met 'n eselskakebeen het ek een klomp, twee klompe, met 'n eselskakebeen het ek duisend man verslaan…* Hy is nou in die middelpunt! Alle lig moet nou op hom val. Hierdie rotshoogte moet nou Kakebeenshoogte heet.

Die verskil tussen krag en mag het hom oor sy eie voete laat val. In die krag wat daar betoon was moet jy die Here se mag erken, anders gaan jy vir jou vasloop, soos wat ek glo dit lankal besig is om ook met ons, ons land, ons volk, ons wat kerk vir die Here moet wees, besig is om te gebeur. Ons is lankal besig om ons goed vas te loop, maar nou dink ons Kakebeenshoogte, die demokrasie, menseregte en die grondwet dit is die dinge wat ons gaan help. Allerhande strategieë, raak net van Malema ontslae, maar broeder en suster wat is ons besig om te doen. Ons groei nie in die Here nie, ons glo ons moet in ons demokrasie en in menseregte en in ons waardes groei. Dit mag wel belangrik wees, maar daar kan geen groei wees as daar nie in die Here gegroei word nie. Sulke groei sonder die Here kan 'n groei in optogte beteken, maar op die einde word dit 'n groei in barbaarsheid! Al is Malema nie meer daar nie! Dit dwing my, al sou ons nog baie hier rondom kon uitbrei, om ons laaste vraag te vra-

Waartoe wil God my deur hierdie instrumente en (gawes) lei?

Wanneer krag en mag van mekaar geskei word, dan skei so 'n mens noodwendig ook roeping en gawes van mekaar. Hoe gevaarlik en hoe tragies is hierdie gegewe, ook in die lewe van God se kinders. Simson sou nog uitroep Kakebeenshoogte maar die keel wat dit so hart wou uitroep, my krag is my mag, kyk wat het ek kon doen, skielik word daardie keel baie droog. Skielik begin hy na water te soek.

Die magtige man wat duisend Filistyne kon verslaan kan vir homself nie ’n druppel water vervaardig nie. Daar staan hy weereens in sy roeping verswak en magteloos want het hy nie gereken dat roeping en gawes moet aan mekaar gebonde bly want beide is aan God gebonde.

Die oomblik as ek dink my gawes is voorop, met hierdie gawes kan ek eintlik alles doen, ek hoef my nie werklik aan my roeping te steur nie, dan is die tragiese, waar gaan jy water kry Simson. Wat help al jou gawes jou nou, hier waar jy nou tussen die dooie vyand staan, hier is nie water nie. Roeping gaan die gawe vooraf.

***

Hoe belangrik is jou roeping nie?! Die roeping dat jy moet glo, die roeping tot bekering, die roeping tot diens, wat allesinsluitend net kan gebeur as jy wel geroepe is om aan God gehoorsaam te wees. Baie mense wil die gawes en toerusting wat die Here skenk met tye teen die Here gebruik. Hoe tragies as dit gebeur, wat in alle geval die saak rondom die geslagtelikheid in die dienste direk raak. Baie vroue sou beslis gawes kon aantoon waarom hulle wel in die dienste/ampte bevestig kan word. Die gawes en die toerusting is daar, dit kan niemand betwyfel nie, ook nie van hulle wegneem nie, maar roeping en gawes mag nie van mekaar geskei word nie. Die roeping moet die gawes voorafgaan.

Wanneer die Here se Woord dit dan duidelik maak, vir alle tye, plekke, lande en geslagte, dat Hy die Here die vrou ter wille van Hom die Here, maar ook ter wille van haar roeping en haar geslag nie toelaat om ouderling en soos wat ek dit sien (ook nie diaken) te wees nie, dan gaan dit oor die Here wat sê Hy die Here sal haar nie tot die diens roep nie. Die Here se roeping ook vandag, (ons gaan net-nou weer ’n ouderling bevestig), die Here se roeping sal nie teen sy Woord ingaan nie. Met sy Woord roep die Here en met Sy gawes rus Hy ons toe. Dan is krag en mag bymekaargebring, roeping en gawes is in die regte orde gebring, so kom ons by ons geloof uit, so kom ons by die Here uit.

Simson het hierdie les op ’n harde manier moes leer en hoe tragies hy het eintlik nie wou leer nie. Hy wat soveel kanse gehad het. Hfst. 16, die een na vandag is weereens ’n hoofstuk van verbroude kanse! Mag dit wees dat ons werklik, wanneer ons ons dors les, ook die dors wat ons na volgende Sondag se Nagmaal mag hê, ons verlang na die Nagmaal, dat ons by die water van die lewe ons roeping tot geloof en gehoorsaamheid aan God vooropstel en ons roep

uit hoe belangrik die roeping is, ons noem dit selfs Roepersfontein en ons hou op met ons Kakebeenshoogte.

AMEN